



CHASA Box 1614 Uitenhage 6230

MODEL VUURWAPENLISENSIE AANSOEK - VIR JAGTERS

Jagtersverenigings het die Jagtersforum versoek om 'n model-motivering saam te stel vir 'n aansoek om 'n vuurwapenlisensie. Kassie Kasselman, bekende in herlaai kringe en President van die SA Jagtersvereniging, het die voorwerk hiervoor gedoen en sy voorstel is deur die Forum aanvaar. Die SAPD se sentrale vuurwapenregister (CFR) aanvaar sedert Januarie hierdie voorstel as die model-raamwerk vir 'n suksesvolle motivering.

Die model vuurwapenlisensie-aansoek se motivering moet aan die volgende ses vereistes voldoen:

- 1. Omskrywing van die behoefte.**
Waarvoor word die wapen benodig? Watter tipe wild gaan gejag word en in watter tipe terein. Gaan die wapen ook gebruik word om aan skietkompetisies deel te neem?
- 2. Beskrywing van hoe die betrokke wapen die behoefte sal bevredig.**
Gee die tegniese eienskappe van die wapen - aksie, kaliber, looplengte - en verduidelik die geskiktheid daarvan. Meld die tipe ammunisie wat gebruik gaan word - koëlgewig, trompsnelheid - en hoe dit pas by die tipe wild en die tipiese jagtoestande en afstande.
- 3. Verduidelikking van die ongeskiktheid van bestaande wapens.**
Dui aan waar die betrokke wapen inpas in jou battery. Verduidelik hoekom jou bestaande wapens nie die behoefte kan bevredig nie - veral in terme van ballistiese eienskappe. Meld die benodigde wapen se spesifieke of spesialis eienskappe en die nut daarvan.
- 4. Jag en skiet CV.**
Meld wanneer jy begin skiet en jag het. Wat is jou ervaring? Meld suksesse, spesies, trofees en jagplekke. Dui lidskap van verenigings en deelname aan. Meld kwalifikasies verwerf bv. amptelike meter, opleidingskursusse en bestuursposisies beklee.
- 5. Ondersteuning deur 'n Jagtersvereniging.**
Heg 'n brief aan wat lidskap en verenigingsdeelname bevestig en wat ook melding maak van kwalifikasies en posisies beklee. Verder moet dit jagtegniese ondersteuning gee ten opsigte van die geskiktheid van die wapen vir die doel waarvoor dit benodig word soos onder punt 2 genoem.
- 6. Stawende dokumentasie.**
Heg stawende dokumentasie aan om die aansprake onder punt 4 hierbo te ondersteun. Jagfoto's, trofeesertifikate, jaglisensies, verwyderingspermitte, opleidingsertifikate, getuigskrifte van wildboere en jagmaats en die sleutel tot die binnebaan - jou lidskapkaart van jou jagtersvereniging.